




“Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlijkheid van die HERE jou agterhoede wees.”

28 Mei 2023

SKADUWEE AS GISTER AAN MY DEUR KLOP

Skriflesing: Jer 29:11

1953

Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.

AMP

For I know the plans and thoughts that I have for you,' says the Lord, 'plans for peace and well-being and not for disaster, to give you a future and a hope.

- *God fokus op die toekoms.*

Op 12:10 – “Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag.”

- *Die vyand herinner ons aan ons verlede waar ons verkeert gedoen het. Hy ken nie ons toekoms nie en bring die heelyd ons verlede voor ons en kla ons die heelyd aan*

Mat 25:41: - “Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.”

- *Herinner die vyand aan sy toekoms. God is ons toekoms.*
- *Die Heilige Gees oortuig ons sag en oortuigend as daar its in ons verlede is wat ons moet regmaak. Hy bring ook 'n oplossing.*

HOE KAN EK BEVRY WEES VAN GISTER?

1. **Leef vir nou**

2 Kor 6:2

1953

Want Hy sê: In die tyd van die welbehag het Ek jou verhoor, en in die dag van heil het Ek jou gehelp. Kyk, nou is dit die tyd van die welbehag; kyk, nou is die dag van heil.

AMP

For He says, “AT THE ACCEPTABLE TIME (*the time of grace*) I LISTENED TO YOU, AND I HELPED YOU ON THE DAY OF SALVATION.” Behold, now is “THE ACCEPTABLE TIME,” BEHOLD, NOW IS “THE DAY OF SALVATION”—

- *Leef vir nou!!! Kan nie leef in gister nie en kan nie leef in môre nie.*
- *As hierdie tyd verby is, is dit gister.*
- *Die mens is die heelyd besig om geskiedenis te maak.*
- *Leer by gister om vorentoe te kan gaan. Los agter wat nie nodig is nie.*

2. Dink anders oor gister

Heb 10:17

1953

en aan hulle sondes en hulle ongeregthede sal Ek nooit meer dink nie.

AMP

“AND THEIR SINS AND THEIR LAWLESS ACTS I will remember no more *[no longer holding their sins against them].*”

- *Leer van gister, want gister was nie net sleg nie. Daar het ook goeie goed gebeur.*
- *As God kyk na ons hoopvolle toekoms. As God nie ons verlede kan onthou nie, wie is ek om dit te onthou?*
- *Ons probeer dat ons verlede ons definieër. Ons is geskape in die beeld van God. Leer lesse uit die verlede.*
- *Dink anders oor jou verlede. Om terug te kyk na jou verlede onthou die goeie en onthou nie net die slegte nie. Alles het ten goede meegewerk.*
- *Ons het elke dag nuut. Jy hoef niks oor te dra wat sleg is nie. dra oor wat goed is.*

3. Jy is nie meer dieselfde as gister nie

2 Kor 5:17

1953

Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.

AMP

Therefore if anyone is in Christ *[that is, grafted in, joined to Him by faith in Him [as Saviour],* he is a new creature *[reborn and renewed by the Holy Spirit];* the old things *[the previous moral and spiritual condition]* have passed away. Behold, new things have come *[because spiritual awakening brings a new life].*

- *Moenie na jou lewe kyk met gister se oë nie. Gister is verby en jy leef aan.*

Mark 6:1-6

1953

Jesus in Násaret verag.

(Mt. 13:53-56.)

1En Hy het daarvandaan weggegaan en in sy vaderstad gekom, en sy dissipels het Hom gevolg.

2En toe dit sabbat geword het, begin Hy in die sinagoge te leer, en baie wat Hom gehoor het, was verslae en sê: Waar kry Hy hierdie dinge vandaan, en watter wysheid is aan Hom gegee, dat ook sulke kragte deur sy hande plaasvind?

3Is Hy nie die timmerman, die seun van Maria, en die broer van Jakobus en Joses en Judas en Simon nie? En is sy susters nie hier by ons nie? En hulle het aanstoot aan Hom geneem.

4En Jesus sê vir hulle: **'n Profeet is nie ongeëerd nie, behalwe in sy vaderland en onder sy familie en in sy huis.**

5En Hy kon daar geen krag doen nie, behalwe dat Hy 'n paar siekes die hande opgelê en hulle gesond gemaak het.

6En Hy was verwonderd oor hulle ongeloof. Daarop het Hy die dorpe rondom deurgegaan en geleer.

AMP

Teaching at Nazareth

1 Jesus left there and came to His hometown *[Nazareth]*; and His disciples followed Him.

2 When the Sabbath came, He began to teach in the synagogue; and many who listened to Him were astonished, saying, "Where did this man get these things *[this knowledge and spiritual insight]*? What is this wisdom *[this confident understanding of the Scripture]* that has been given to Him, and such miracles as these performed by His hands?"

3 Is this not the carpenter, the son of Mary, and the brother of James and Joses and Judas and Simon? Are His sisters not here with us?" And they were *[deeply]* offended by Him *[and their disapproval blinded them to the fact that He was anointed by God as the Messiah]*.

4 Jesus said to them, "A prophet is not without honour (respect) except in his hometown and among his relatives and in his own household."

5 And He could not do a miracle there at all *[because of their unbelief]* except that He laid His hands on a few sick people and healed them.

6 He wondered at their unbelief. And He was going around in the villages teaching.

- *Jesus was God se seun en die Seun van Maria. Fokus jy op die verlede of die toekoms?*
- *Dit is 'n besluit wat jy moet neem.*

4. Bou 'n monument en leer

1 Sam 7:12

1953

Toe het Samuel 'n klip geneem en dit opgerig tussen Mispa en Sen, en dit Ebenhaéser genoem en gesê: Tot hiertoe het die HERE ons gehelp.

AMP

Then Samuel took a stone and set it between Mizpah and Shen, and he named it Ebenezer (*stone of help*), saying, "Thus far the Lord has helped us."

- *Ons moet op 'n punt kom waar ons trots is op ons skaduwee.*
- *Die monument moet sê: Tot hier toe het God ons gehelp.*

Die ark van God het die heerlijkheid van God voorgestel

1 Sam 5:1

Die ark in Filistea.

1 EN die Filistyne het die ark van God geneem en dit van Ebenhaéser af na Asdod gebring.

2 Daarop het die Filistyne die ark van God geneem en dit in die huis van Dagon gebring en dit langs Dagon neergesit.

3 Toe die Asdodiete vroeg die volgende môre daarheen gaan, sien hulle Dagon lê met sy gesig op die grond voor die ark van die Here. En hulle het Dagon geneem en hom weer op sy plek gesit.

4 Maar toe hulle die volgende môre vroeg opstaan, sien hulle Dagon lê met sy gesig op die grond voor die ark van die Here; maar die hoof van Dagon en sy twee handpalms lê afgebreek op die drumpel: net Dagon se lyf het aan hom oorgebly.

- *Die ark kom terug en wat doen Sameul toe in 1 Sam 7:12? Hy rig 'n monument op. Tot hiertoe het God ons gehelp.*
- *'n Monument is nagedagtenis van iets. Rig vir jouself 'n monument op om jou te herinner dat die Here jou daar gehelp het en Hy sal ons weer help. Ek het oorleef om die storie te vertel.*
- *Kyk altyd terug – my verlede is nie net sleg nie.*

5. Maak plek vir die nuwe

Jes 43:18-19

1953

18 Dink nie aan die vorige dinge nie, en slaan geen ag op wat vroeër gebeur het nie.

19 Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak 'n pad in die woestyn, riviere in die wildernis.

AMP

18 "Do not remember the former things, Or ponder the things of the past.

19 Listen carefully, I am about to do a new thing, Now it will spring forth; Will you not be aware of it? I will even put a road in the wilderness, Rivers in the desert.

- *Die verlede keer jou om aan te beweeg.*
- *Maak plek vir die nuwe. Jy MOET die verlede laat gaan!!*

6. Is jy bereid om gister te laat gaan?

Luk 9:62

1953

En Jesus antwoord hom: **Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie.**

AMP

But Jesus said to him, **"No one who puts his hand to the plow and looks back [to the things left behind] is fit for the kingdom of God."**

- *Moenie terugkyk in jou verlede nie.*

Sedona beginsel: Wanneer jy jou verlede wil verander:

1. Kan ek die verlede laat gaan? Kan ek vergewe. Die moeilikste is om myself te vergewe.
2. Wil ek die verlede laat gaan? Hoe graag wil ek dit laat gaan? Wil ek vergewe
3. Wanneer gaan ek die verlede laat gaan? Tot wanneer wag ek? As jy met oop wond rondloop gaan jy nie gesond word nie. Die wonde moet eers gesond word voor jy aanbeweeg. Maak werk daarvan om gesond te word om vorentoe te kan beweeg.

Belofte: Fil 3:13-14

1953

13 Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie.

14 Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.

AMP

13 Brothers and sisters, I do not consider that I have made it my own yet; but one thing I do: forgetting what lies behind and reaching forward to what lies ahead,

14 I press on toward the goal to win the [heavenly] prize of the upward call of God in Christ Jesus.

- *Die God wat ek aanbid dink nie terug nie.*

Jy word gesond as jy vergewe